# Knie-werk…

Februarie 2015

Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

**Terugvoer:**

Israel (die jong man wat uit sy ouerhuis gesit is) is onder groot druk terug na sy pa se huis. Die gemeenskapsleiers het toe vir Sinolencio 'n boete opgelê en gedwing om verskoning te vra dat hy die jong man ge-evangeliseer het. Druk op die klein groepie gelowiges in die village van Ndhaveni bly steeds baie groot. Bly asb. bid vir hullee beskerming en vir standvastigheid in die geloof. Daar is 3 studente uit Ndhaveni (uit 3 verskillende kerke) hier by ons tans vir die 3 maande kerklike werker kursus: Andraço, Jaime en Candida. Bid dat hulle geestelik sterk sal word en met nuwe vuur sal teruggaan en 'n verskil in die geestelike klimaat van hulle village sal maak.

**Nuwe sake:**

Ons het begin werk met 'n nuwe groep van 13 studente wat vir die 3 maande, kerklike werker kursus gekom het. Hulle kom van 8 verskillende kerk denominasies en 7 verskillende dorpe. Ouderdomme wissel van 19 tot 52. Vir die volgende 4 weke gaan daar met hulle gefokus word op verlossing en evangelisasie. Bid asb. dat elkeen 'n ontmoeting met Jesus sal hê en vanuit 'n lewende verhouding met Hom sal begin leef.



Die drie van Ndhaveni is Andraço (die man in die middel agter), Candida (die vrou met die pienk hempie voor hom) en Jaime (die man regs voor). Jaime beplan om hierdie naweek weer met sy vrou te gaan praat in die hoop om haar te oortuig om die pad saam met hom te stap agter Jesus aan. Bid vir 'n werk van God se Gees.

Die twee manne wat verantwoordelik is vir die volgende 4 weke se klasse rondom verlossing is Samuel Sumbane (links) en Nelson Ngoveni. Bid vir berskerming vir hulle families by die huis terwyl hulle by die skool is. Bid ook vir 'n fyn aanvoeling vir die Gees se leiding. Dis net God wat harte kan verander.



Bid asb. ook vir Mateus. Hy was baie siek oor Desember en is steeds nie 100% nie.



Ten spyte daarvan het hy en Sioxhle die eerste 3 weke se klas oor Genesis aangebied en dit het baie goed gegaan. Ons poog om altyd saam met 'n oud-student te werk as deel van 'n voortgaande dissipelskap program. Dit  het die byvoordeel dat daar altyd iemand is wat kan aangaan as een siek word!

Een van ons 3 jaar studente (Judite) het amper opgeskop weens probleme met kinders tuis. Ons kon die probleem help oplos deur haar oudste dogter in te neem en te help om plek te kry in die plaaslike hoërskool. Bid asb. vir Neta. Sy het gister begin insit in die klasse oor verlossing (sy gaan saans skool toe). Daar is tans 6 kinders van personeel en studente wat hier bly sodat hulle kan skoolgaan.



Ons studente het ook begin aand godsdiens hou in Portugees (i.p.v. Tsonga) ter voorbereiding van hulle sending prakties DV. in Junie in die Noorde van Mosambiek. Bid dat hulle die Here se hart vir verlorenes sal deel as motivering om in die moeilike poging te volhard.



Armando Matshinhe is 'n oudstudent wat in Desember getroud is. Hy lei 'n Metodiste kerk in Chokwe en poog al van verlede jaar af om 'n toordokter wat tot bekering gekom het se toorgoed te verbrand. Sy leierskap skram daarvan weg. Hulle beplan om dit hierdie Saterdag te verbrand. Bid vir bevryding van vrees vir die geesste wat so 'n houvas op die kerk het.

Dis tans maroela tyd wat beteken tradisionele bier word gemaak en geoffer aan die voorvaders. Christene wat nie daaraan wil deelneem nie word dikwels swaar gestraf in 'n poging om almal in lyn te hou. Bid vir Christene vir die moed om 'n duidelike getuienis te gee in hierdie tyd.

Dankie vir julle liefde en gebede!

Liefdegroete
Willem & Carol